Verwysing 20171206-7666
12/2/2
Navrae: E. Peck

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0021/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkondersteuning, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, AOO en VOO-koördineerders, Senior Fase-vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare sekondêre skole

Onderwerp: Graad 8 Diagnostiese Assesseringsinstrument vir Taal, Wiskunde en Natuurwetenskappe

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het 'n Diagnostiese Assesseringsinstrument vir graad 8 ontwikkel wat in 2016 in Taal, Wiskunde en Natuurwetenskappe by skole geïmplementeer is.

2. Die uitkoms van hierdie toets sal skole lei met die implementering van intervensies wat nie net die gaping in die aantal leerders wat veral Wiskunde en Natuurwetenskappe in Graad 9 slaag sal sluit nie, maar dat daar ook 'n toename sal wees in die aantal leerders wat hierdie vakke neem in die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) -band.

3. Om hierdie rede is alle hoërskole in die gebruik van die Diagnostiese Assesseringsinstrument (Weergawe 5.1) deur vakadviseurs gedurende 2015 opgelei en het 'n CD met die Diagnostiese Assesseringsinstrument, opnamevelle asook 'n instruksionele video ontvang.

4. Hierdie minuut dien om skole in te lig om in 2018 vir die diagnostiese assessering van Graad 8-leerders voor te berei. Die voorgestelde datums is 24, 25 en 26 Januarie 2018.

5. 'n Voorgestelde uitrolplan is soos volg:
   a) Alle graad 8-leerders skryf die drie een-uur toetse gedurende 24-26 Januarie 2018.
   b) Onderwysers voltooi die nasien van toetse teen 30 Januarie 2018.
   c) Teen die tweede week van Februarie 2018 werk skole die uitslae elektronies op Excel-
      sigblaaie (nuutste weergawe) by.
   d) Teen 23 Februarie 2018 e-pos skole die opsommingsigblaaie en intervensieplanne aan die distrikskantore vir 'n distriksanalise van die uitslae.
   e) Distrikskantore stel die data saam en ontleed die intervensieplanne en stuur dit teen 09 Maart 2018 aan Hoofkantoor.

6. Idees om leerders in Taal-, Wiskunde- en Natuurwetenskappe te ondersteun:
   Skole kan ook ander wyses van intervensie en ondersteuning gebruik om graad 8-leerders te ondersteun. Byvoorbeeld, 'n vennootskap met plaaslike besighede om die skool op die volgende maniere te ondersteun:
   a) Om bykomende onderrig met behulp van privaat onderwysers, studente en/of afgetrede onderwysers vir Saterdag-klasse, middag-klasse en vakansies aan te bied. Dit wil sê, winterskool, lenteskool.
   b) Privaat ekstra klasse aan te bied wat deur die ouers betaal word.
   c) Om saam te span en hulpbronne met buurskole te deel.
   d) Stroming/groepering van leerders per vak in vermoë groepe.
   e) Die gebruik van die "pull-out" metode, m.a.w. die onttrekking van leerders vir daardie bepaalde vakperiode vanuit 'n gemengde-vermoë-klas na 'n ander klas waar die onderwyser hulle volgens hul eie behoeftes en vermoëns onderrig en waarna hulle weer na hul registerklas sal terugkeer.

7. WKOD is besig om hierdie toetse te digitaliseer. Vordering hieroor sal betyds aan skole oorgedra word.

8. Prinsipale word versoek om te verseker dat die inligting in hierdie minuut aan alle onderwysers en relevante personeellede oorgedra word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN -ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2018-01-09